# DIE HELPER

Vir drie en ‘n half jaar was JaHUsha en Sy dissipels meestal die hele tyd bymekaar. Voordat Hy van hulle weggeneem sou word, het Hy hulle veral nader aan die tyd begin voorberei vir wanneer Hy nie meer daar sal wees nie en hulle belowe dat Hy vir hulle “die Helper” sal stuur.

Dit is ‘n naam wat Hyself aan die Afgesonderde Gees gegee het. In Grieks is dit die “parakletos” (Strong’s G3875). Dis nie ‘n woord wat altyd so maklik vertaal nie, en is meestal as “*Voorspraak, Trooster*” of “*Helper*” vertaal. In Engels is dit ook met verskillende woorde vertaal soos: “*Counselour, Helper, Intersessor, Advocate, Comfortor, Strengthener, Standb*y”.

“Parakletos” is ‘n saamgestelde woord wat saamgestel is uit “*Para*” wat “*langsaan*” beteken, en “*Kletos*” wat “*‘n Geroepene*” beteken. Die hele woord beteken dus:

> “*‘n Geroepene om langsaan iemand te staan*”.

Langsaan, soos in **digby** langsaan (*“close by”*). Dis iemand wat geroep is om ‘n sekere persoon se part te neem en hom in elke omstandigheid wat mag ontstaan, te help. In Engels kan ons sê: “*One called alongside you to give aid to help*”.

In 1 Joh. 2 is dit vertaal as “Voorspraak”.

> 1 Joh 2:1 My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ‘n **Voorspraak** *(Advocate)* by die Vader, JaHUsha Messias, die Regverdige.

JaHUsha tree vir ons in by die Vader. In hierdie vers kan mens sien dat die woord “*parakletos*” baie te doen het met begrippe i.v.m. die regspraktyk, soos in ‘n hof. Dis soos iemand wat vir jou sal intree in ‘n hof as ‘n Voorspraak soos ‘n Advokaat. Hy is aan mens se kant om jou part te neem in ‘n saak en “pleit” dan vir ‘n mens om jou sodoende te verdedig. Dis ook ‘n “middelaar”, iemand wat tussen twee partye staan om vir die een party te praat terwyl een of ander saak tussen twee partye opgelos moet word.

**VYF KEER**

Die woord “parakletos” kom nie baie voor in die Woord nie. In die Septuagint wat die Griekse vertaling is van die hele Woord, word dit glad nie gebruik in die Ou Testament nie en word dit net vyf keer in die Nuwe Testament gebruik.

Behalwe 1 Johannes 2, is daar dus nog net vier ander plekke waar diè woord gebruik word, naamlik in die paar hoofstukke in Johannes net vòòrdat JaHUsha gevange geneem is en fisies van hulle af weggeneem is. JaHUsha het aan hulle verduidelik dat “die Helper” Homself by hulle sal verteenwoordig en dat Hy hulle Intersessor of Voorspraak sal wees by die Vader en nie net vir hulle nie, maar ook vir diè wat nà hulle in Hom sal glo (Joh. 17:20) soos bv. ons.

In die 1953 Vertaling is dit met “Trooster” vertaal, maar in ander vertalings is dit “Voorspraak” of “Helper”. In hierdie ander vier skrifte word die identiteit en funksie van die “Parakletos” verder onderskei.

Joh 14:16  En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander **Trooster** *(Helper)* gee om by julle te bly tot in ewigheid:
Joh 14:17  die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar **julle ken Hom**, omdat Hy **by julle bly** en **in julle sal wees**.
Joh 14:18  Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.

Joh 14:26  maar die **Trooster** *(Helper),* die Afgesonderde Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle **alles leer** en sal julle **herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het**.

Joh 15:26  Maar as die **Trooster** *(Helper)* gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, **sal Hy van My getuig**.

Joh 16:7  Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle **voordelig** dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die **Trooster** *(Helper)* nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, **sal Ek Hom na julle stuur**;

JaHUsha het dus belowe dat die Helper by ons en in ons sal bly, ons sal leer, ons sal herinner aan Sy Woord en by ons van Hom sal getuig.  Die Helper maak ons dus van JaHUsha bewus en Hy tree ook as Voorspraak vir ons in by die Vader (1 Joh. 2:1, Heb. 7:25).

**VOORBEELDE IN DIE OU TESTAMENT**

In die Ou Testament het ons persone wat voorbeelde was van 'n Intersessor of Middelaar.   Daar was Abraham wat vir Sodom en Gomorra ingetree het in Gen. 18.  Dan was daar Moses in Ex. 32 wat vir die volk ingetree het nadat hulle die goue kalf aanbid het en bereid was om self eerder die gevolge van hulle sonde te dra (Ex. 32:31 - 32).

Soos Moses dit vir die volk was, is JaHUsha ons Middelaar in die Nuwe Testament (Heb. 8:6).

Daar was ook Daniël wat vir die volk ingetree het in Dan. 9 toe hy die profesie van die tyd van die koms van JaHUsha as ons Groot Hoëpriester gekry het wat slagoffers en spysoffer sou laat ophou het.

Die hoëpriester was ook iemand wat vir daardie doel (as intersessor) diens gedoen het in die tabernakel. Hy het die volk by JaHUaH verteenwoordig (Heb. 5:1 – 2) en dis die rol waarin JaHUsha opereer, hoewel ons Hom nie meer sien nie, maar ons dit deur Sy Gees ervaar wat as "Helper" vir ons uitgestort is (Heb. 6:19 – 20, Heb. 7:25 - 26).

Saam met die hoëpriester was daar priesters wat diens gedoen het in die Tabernakel.  Dis dan interessant dat die Nuwe Testamentiese gelowiges in JaHUsha "priesters" genoem word.  Beide die hoëpriester en die priesters moes **gesalf word** om in hulle ampte diens te kon verrig in die Tabernakel en so dan ook die priesters van die geestelike Tempel wat JaHUsha kom oprig het as ons Groot Hoëpriester.

**KONINKRYK VAN PRIESTERS**

Petrus het gelowiges in JaHUsha as "priesters" beskryf wat JaHUsha se deugde moes verkondig (vergelyk ook Open. 1:6 en 5:10).  Hulle moes Sy Getuies wees.

1 Pet 2:9  Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike **priesterdom**, 'n afgesonderde volk, 'n volk as eiendom verkry, **om te verkondig die deugde van Hom** wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

Fisiese Israel was geroep as 'n Koninkryk VAN priesters in Ex. 19:5 – 6, maar weens hulle aanbidding van die goue kalf het hulle toe 'n koninkryk MET priesters geword, Levitiese priesters.  As deel van Geestelike Israel is òns nou die priesters met die taak om JaHUsha te verkondig en moet ons gesalf word soos wat Levitiese priesters gesalf was vir hulle taak (Lev. 21:10).

Soos wat JaHUaH JaHUsha gesalf het as Sy verteenwoordiger op die aarde toe dit soos 'n duif op Hom gekom het, so word JaHUsha se volgelinge dan ook gesalf om die opdrag wat Hy vir die dissipels en ook vir ons gegee het in Matt. 28:18 – 20 te kan uitvoer.

"Christos" is die Griekse woord vir "Gesalfde" en dis waar die woord "Christen" ook van afgelei is. Christene is ook veronderstel om "gesalfdes" vir JaHUaH te wees.  Gelowiges is vir die eerste keer "Christene" genoem in Antiochië (Hand. 11:20, 26).  Van toe af tot nou het die woord "christen" egter al gekontamineerd geraak sodat mens nie meer seker is of diegene aan wie dit wel vandag toegevoeg word, werklik almal volgelinge en gesalfdes van JaHUsha is nie.  Dit net terloops.

Wat behels die diens dan waarin gelowiges in JaHUsha as gesalfde priesters moet opereer?

**SALWING TOT DIENS**

Volgelinge van JaHUsha moet gesalf word om diens te kan lewer **as Getuies** vir hom.  Petrus het dit in Hand. 2 verduidelik en Joël 2 aangehaal.

Hand 2:16  Maar dit is wat deur die profeet **Joël** gespreek is:
Hand 2:17  En in die laaste dae, spreek Elohiem, **sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees**, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.
Hand 2:18  En ook **op my diensknegte en diensmaagde** sal Ek in dié dae van **my Gees uitstort**, en hulle sal profeteer.

Hand 2:38  En Petrus sê vir hulle: **Bekeer julle**, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van JaHUsha Messias *(die Gesalfde)* tot vergewing van sondes, en **julle sal die gawe van die Afgesonderde Gees ontvang**.
Hand 2:39  Want die belofte kom julle toe en julle kinders **en almal wat daar ver is**, die wat JaHUaH ons Elohiem **na Hom sal roep**.
Hand 2:40  En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: **Laat julle red** uit hierdie verkeerde geslag.
Hand 2:41  Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring.
Hand 2:42  En hulle het volhard **in die leer van die apostels** en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.

Hulle het volhard in **die leer van die Apostels** wat JaHUsha verkondig het nadat hulle gesalf was met die Afgesonderde Gees.  In 1 Korinthiërs 12 het Paulus meer uitgebrei oor die werking van die Gees t.o.v. van die verskillende gawes wat 'n gelowige mag ervaar, want ons maak deel uit van die liggaam van Messias

en al die lede van die liggaam het nie dieselfde funksie nie. Paulus verduidelik dit breedvoerig in die hele 1 Kor. 12 waarvan 'n paar verse hieronder uitgelig word.

> 1 Kor 12:1 En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie.
>
> 1 Kor 12:4 Daar is wel **verskeidenheid van genadegawes**, maar **dit is dieselfde Gees**;
> 1 Kor 12:5 en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Meester;
> 1 Kor 12:6 en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde Elohiem wat alles in almal werk.
> 1 Kor 12:7 Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.
>
> 1 Kor 12:28 En Elohiem het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.

Paulus was juis 'n Apostel en sy roeping en salwing spreek tot ons wat ook die salwing van JaHUsha se Afgesonderde Gees najaag.

**PAULUS**

Paulus het die ervaring gehad van 'n persoonlike ontmoeting met JaHUsha **in Sy geestelike hoedanigheid**.

> Hand 9:3 En toe hy op sy reis naby Damaskus kom, **omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af**;
> Hand 9:4 en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My?
> Hand 9:5 En hy sê: Wie is U, Meester? En die Meester antwoord: **Ek is JaHUsha** wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.

JaHUsha *(wat nie meer in 'n aardse en fisiese liggaam was nie)* het hom daar geroep om 'n werktuig vir Hom te wees terwyl Hy ook met Ananias gepraat het en hom gestuur om vir Paulus te gaan bid sodat hy ook die vervulling met die Afgesonderde Gees kon ervaar om dan JaHUsha se werktuig te kan wees. Paulus het dit ervaar as "iets wat soos skille van sy oë afval".

> Hand 9:15 Maar die Meester sê vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n **uitverkore werktuig** om My Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel.
> Hand 9:16 Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly.
> Hand 9:17 En Ananías het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Meester het my gestuur, naamlik JaHUsha wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en **met die Afgesonderde Gees vervul word**.
> Hand 9:18 En dadelik het daar iets soos **skille van sy oë afgeval**, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop.

Daarna was Paulus **gedrewe** om anders as voorheen, **JaHUsha as die Gesalfde te verkondig** (soos dit ook gebeur met die persoon wat vervul word met Sy Afgesonderde Gees).

> Hand 9:20 En hy het dadelik die Gesalfde in die sinagoges verkondig, dat Hy die Seun van Elohiem is.

Hand 9:21  En almal wat hom gehoor het, was verbaas en het gesê: Is hy nie die man wat in Jerusalem uitgeroei het **die wat hierdie Naam aanroep**, en hier gekom het met die doel om hulle geboeid na die owerpriesters te bring nie?
Hand 9:22  Maar Saulus het **al meer krag ontvang** en die Jode wat in Damaskus woon, in die war gebring deur te bewys dat **Hy, JaHUsha, die Gesalfde is**.

Die inwoning van die Afgesonderde Gees van JaHUsha lei mens dus om JaHUsha te kan raaksien as ons persoonlike Verlosser en ook as die Verlosser van die wêreld en dring mens om Hom te verhoog sodat mense na Hom getrek kan word (Joh. 12:32).

Nou is die vraag: "Hoe moet ons Shavuot gedenk as 'n fees van JaHUaH?"

**TOEPASSING VAN SHAVUOT IN DIE ORDE VAN MELGISEDEK**

Ons is weer soos die dissipels in die Bovertrek in afwagting vir 'n vars invulling van die Afgesonderde Gees van JaHUsha. Hoe verkry ons dit?

1. Eers moet ons **dors wees** vir die Gees.

    Joh 7:37  En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het JaHUsha gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, **laat hom na My toe kom en drink**!
    Joh 7:38  Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: **strome van lewende water sal uit sy binneste vloei**.
    Joh 7:39  En **dit het Hy gesê van die Gees** wat **dié sou ontvang wat in Hom glo**; want die Afgesonderde Gees was daar nog nie, omdat JaHUsha nog nie verheerlik was nie.

    JaHUsha het vir die vrou by die put lewende water aangebied en so ook vir ons. Nou moet ons soos die vrou by die put kan sê ...

    "Meester, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie."
    *(Joh. 4:15)*

2. Daar moet plek gemaak word vir daardie lewende water en moet mens dus **ontledig word** deur mens se sonde te bely soos wat die Gees dit op ons harte lê.

    Daar was hierdie prediker wat 'n sekere meisie eers gevra het om net te bid dat JaHUaH aan haar moet wys **wie sy is**. Na weke het hy weer by dieselfde plek aangedoen en daar is aan hom gesê dat die meisie sedert hy hier weg is gedurig in trane is. Toe hy haar roep en vra hoekom sy so hartseer is, het sy gesê dat sy gebid het soos wat hy gesê het, naamlik dat JaHUaH haar moet wys wie sy is, en sedertdien het sy baie bewus geword van haar ellendige toestand.

    Die prediker het haar toe gevra dat sy haar gebed nou moet verander en bid dat JaHUaH haar moet wys **wie JaHUsha is**. Sy het dit gedoen en dit het soveel vreugde in haar binneste begin bring want sy kon ervaar hoe lief Hy haar het, so lief dat Hy Sy lewe vir haar gegee het en nou begeer om in haar te woon om altyd **digby haar** te kan wees. Die prediker het haar toe gelei om vir die Afgesonderde Gees van JaHUsha te vra in gebed en toe was sy nie meer die ellendige wese nie, maar vol van die blydskap van Sy Gees.

3. Ons moet ook kan **oorgee** aan Hom soos die meisie en dit laat los waaraan ons aan die eenkant stilletjies mag vasklou net omdat dit vir ons bekend is. Dit kan iets soos 'n sekere geloofstroming wees of 'n eie interpretasie van 'n skrifgedeelte of van 'n situasie of wat ook al ... laat los dit net en gee oor. Ons weet self nie wat ons nie weet nie en nog moet leer, maar Hy weet.

4. Die volgende stap is dan om te bid en net eenvoudig te **vra vir 'n vars vervulling met Sy Gees** en glo dan dat dit wel vir mens gegee is. Ons moet nie sit en wag vir een of ander manifestasie nie.

   > Luk 11:13 As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader **die Afgesonderde Gees gee** aan **die wat Hom bid**?

   As ons in Hand. 2 kyk, is al manifestasie wat daar was dat hulle dadelik die goeie nuus van JaHUsha as Messias begin verkondig het uit die Skrifte van Moses en die Profete. As **gawe tot diens** kon hulle die verskillende tale van die mense wat daar aanwesig was praat sodat elkeen die evangelie in sy eie taal kon gehoor het, maar die manifestasie was **slegs** die drang om JaHUsha te verkondig.

5. Dan moet ons verstaan dat ons gawes in die liggaam van Messias **verskillend** gaan wees vir elkeen en ons kan ons glad nie aan ander meet nie omdat ons funksies in die liggaam verskil.

   Die dissipels moes eers in Jerusalem werk, dan in Judea en dan in Samaria en dan tot aan die uiterste van die aarde.

   Ons eerste roeping is in ons huisgesin, dis ons "Jerusalem", daar waar ons ons buitendien bevind soos wat die dissipels in Jerusalem was toe hulle die opdrag gekry het. Dis nie noodwendig 'n maklike roeping daardie nie en dit neem mens se hele lewe in beslag totdat mens jou kop die dag neerlê.

   Dan is mens se roeping ook daar waar mens werk of enige ander plek waar mens jou tussen ander mense bevind, bv. by jou werk of tussen vriende of medegelowiges. Dis mens se "Judea" of selfs mens se "Samaria" ook.

   Dan mag daar vir sommiges verdere roepings kom soos vir die profete in die Woord. Jesaja het gesê: "Stuur my", toe hy JaHUaH se stem gehoor het. Hy het 'n openbaring van JaHUaH se grootheid ervaar toe hy Sy stem gehoor het wat gevra het wie Hy dan kan stuur (Jes. 6:1 – 8).

   As mens nou ook sou gebid het: "Hier is ek, stuur my" ... wat dan verder"?

   Dan doen mens net wat jou hand vind om te doen en van daar af sal verdere leiding oor tyd heen kom soos wat die Gees wel in die mens sal werk wat oorgegee het om te wil en te werk na Sy welbehae. Doen net dit wat oor 'n mens se pad kom met oorgawe en opregtheid en so sal die een ding die ander bring, sodat as mens eendag terugkyk, dan weet mens dat dit nie iets is wat mens self besluit het om te doen nie, maar dat dit 'n stap vir stap proses was waarmee die Gees mens gelei het.

   As diensknegte is ons reisigers in die geloof met die Afgesonderde Gees as ons Gids.

6. Laastens is dit belangrik om te waak teen die namaaksel van die Afgesonderde Gees wat eintlik baie algemeen in kerke vandag voorkom, veral diè wat verwag dat mens daar en dan een of ander onmiddelike manifestasie moet hê.

**DIE NAMAAKSEL**

In Spreuke 9:13 – 18 lees ons hoe Vrou Dwaasheid as die Namaaksel van die Afgesonderde Gees ook gereed sit wanneer ons die Afgesonderde Gees begeer.

Net soos wat JaHUsha nie meer fisies hier is nie, maar Sy Gees vir ons gegee het, so is dit met Isebel waarvan ons in 1 Konings. 16 en verderaan lees.

Isèbel is gedood nadat Elia haar Baälpriesters by Karmel die nekslag toegedien het en die honde haar daarna opgeëet het sodat net haar kop, hande en voete oorgebly het (2 Kon. 9:35). Dis al die sintuie van die mens. Die kop bevat die gehoorsintuig, die sigsintuig, die reuksintuig en die smaaksintuig. Die hande verteenwoordig die tassintuig wat bepalend is van wat mens wil doen en dit lei die voete waar om heen te gaan.

Die mens word versoek op die areas van sy sintuie, want dis wat vir ons oorgebly het as "die gees van Isèbel" en sy spesialiseer in vals geloof. Dis daardie sintuie van ons wat graag manifestasies wil beleef.

As die hoervrou van Babilon (Open. 17) is Isebel 'n godsdiensgees en die vals profeet. Sy het verskillende "rokke" wat sy kan aantrek om aantreklik te kan wees vir 'n verskeiedenheid van potensiële slagoffers. Sy mislei deur vals tekens en wonders, deur dinge wat vir mens kan lyk soos die werk van die Gees van JaHUsha, maar dan nie is nie.

Moet dus nie op die uitkyk wees vir manifestasies nie, maar glo dat JaHUaH die Afgesonderde Gees aan jou gegee het soos wat jy gevra het. Ons het Hand. 2 se voorbeeld as fondasie. Die regverdige sal deur deur die **geloof** lewe (Rom. 1:17).

In Openbaring 2:20 – 23 word ons gewaarsku.

> "Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isèbel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.
> En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.
> Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.
> En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke."

In ons dag is daar ongelukkig 'n afhanklikheid van 'profetiese woord'. Die profete in die Woord het nooit aansien gehad en 'n klomp mense wat tou gestaan het om van hulle 'woord' te kry nie.

Hulle woorde was altyd daarop gerig om onreinheid en sonde uit te wys, en om mense terug te probeer lei na JaHUaH toe. Hulle is vervolg en gestenig en middeldeur gesaag. Hulle het nooit 'n rooi tapyt gekry nie.

Ons moet die geeste toets (1 Joh. 3:24, 1 Joh. 4:1 – 3) en op ons hoede wees vir vals profete (Matt. 7:15 – 20). Die egte sentreer altyd rondom JaHUsha as JaHUaH se gesalfde wat vlees geword het t.w.v. ‘n verloregaande wêreld.

> 1 Joh 4:2 Hieraan ken julle die Gees van Elohiem: elke gees wat bely dat **JaHUsha die Gesalfde** in die **vlees gekom het**, is uit Elohiem;
> 1 Joh 4:3 en elke gees wat nie bely dat JaHUsha die Gesalfde in die vlees gekom het nie, is nie uit Elohiem nie; en dit is die gees van die Anti-messias waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.

Dis nie so moeilik om die Afgesonderde Gees te herken en te volg nie, want Hy verhef nooit die mens nie, maar wys dikwels sonde uit, omdat sonde se gevolge die mens in die moeilikheid bring. As dit uit die weg geruim is, dan word die situasie in ‘n seën omskep. Dis egter wanneer die mens verhoog word, waar die probleem begin. Aan die anderkant, as JaHUsha verhoog word, sal dit mense na Hom toe trek (Joh. 12:32).

Die Helper is dus ons Metgesel om ons te leer, te lei, te beskerm en vir ons in te tree. Hy sal ons waarsku as daar gevaar is terwyl Hy ons ook toerus om dissipels te kan maak vir JaHUsha, hulle te doop en te leer om alles te onderhou wat JaHUsha beveel het, want **Hy is met ons** al die dae tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 28:19 – 20).

**ONS PERSOONLIKE AFSPRAAK IN DIE BOVERTREK**

Al wat dan oorbly vir ons wanneer ons Shavuot vier, is om na ons eie Bovertrek te gaan, die deur agter ons toe te maak, deur belydenis ons te ontledig van dit wat nie in ons hoort nie, en dan te vra vir ‘n vars invulling van die Afgesonderde Gees en Hom te dank dat Hy dit dan wel gegee het sonder om noodwendig op ‘n manifestasie te wag, want Hy sal doen wat Hy beloof het.

Smaak en sien dan dat JaHUaH goed is (Ps. 34:9).

0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Mei 2020